# MIKROFOKUS

29 Oktober 2024 | 36/2024

1 UIT DIE KANTOOR
2 EKSAMENROOSTER EN WERKSAFBAKENING
3 LO-KLERE
4 OORPLASINGSVEREISTES
5 FINANSIËLE KANTOOR
6 KOS@MIKRO
7 AFROLWERK
8 KONSERT
9 GHOLFDAG
10 ADVERTEER IN DIE HUISWERKBOEK
11 ENGLISH HOME LANGUAGE
12 WEEK 5-GEBEURE
13 KALENDER
14 ADVERTENSIES
15 BORGE



# 1 UIT DIE KANTOOR

‘n Skool se begroting sluit alles en nog meer in van ‘n groot besigheid in die privaatsektor. Dit is dus belangrik dat elke faset van die skool in ag geneem moet word, met die opstel van so ‘n begroting. Baie dankie aan mnr. Etienne Roux (beheerliggaam finansiële voorsitter) wat die proses saam met Me. Annarie Spreeth gekoördineeer het. Me. Liza Green (finansiële beampte) verdien ook lof vir haar harde werk met die opstel van die begroting.

Hier volg ‘n uiteensetting van die 2025-begroting. Dit is tydens ‘n ouervergadering op Donderdag, 24 Oktober 2024, deur die meerderheid teenwoordige ouers goedgekeur.

## SKOOLFONDS 2025

Dit beloop R1,940-00 per leerder per maand en dit word oor 11 maande (Feb – Des) betaal en impliseer dus ‘n bedrag van R21,340-00 per jaar. 5% Korting sal aan ouers wat die volle skoolfondsbedrag, voor/op 31 Januarie 2025 vereffen, toegestaan word.

### EKSTRA-KUNSGELDE 2025:

- R220-00 per maand X 11 maande = R2420-00

### MUSIEKGELDE 2025:

- Klavier & Klawerbord: R380-00 X 11 maande = R4180-00
- Blokfluit & Kitaar: R260-00 X 11 maande = R2860-00
- Solo sang: R380-00 X 11 maande = R4180-00
- Saxofoon: R380-00 X 11 maande = R4180-00

### NASORG 2025:

- R1680-00 per maand x 11 maande = R18,480-00 vanaf 1 Januarie – 1 November 2025

**LET WEL! Nasorgfooie is STRENG VOORUITBETAALBAAR en moet voor/op 3de dag van die maand in die skool se bankrekening reflekteer.**

## 2 EKSAMENROOSTER EN WERKSAFBAKENING

Alle gr. 4- tot 7-leerders ontvang vandag die eksamenrooster en werksafbakening vir die komende eksamen. Die eksamenrooster en werksafbakening is reeds op School Communicator beskikbaar.

Gr. 7's se eksamen begin reeds Donderdag, 14 November 2024 en duur tot Woensdag, 27 November 2024. Gr. 4 tot 6-leerders begin Dinsdag, 19 November 2024 en eindig saam met gr. 7's op Woensdag, 27 November 2024.

Die skool (gr. 1 tot 7) kom vanaf Donderdag, 14 November 2024 tot Dinsdag, 10 Desember 2024 om 12:40 uit. Graad R kom egter steeds om 12:30 uit. Op Woensdag, 11 Desember 2024 sluit die skool vir alle leerders om 10:45 vir die Desembervakansie.

## 3 LO-KLERE TYDENS SOMERMAANDE

Op die dae wat leerders LO prakties het, kom die leerders in hul maroen broekie en LO-hemp skool toe. Leerders het dan 'n keuse tussen die volgende: kaalvoet, Mikro-plakkies of oorwegend wit tekkies. Indien dit koud is, mag leerders 'n Mikro sweetpakbaadjie by hul LO-drag aantrek. Indien 'n leerder 'n sweetpakbaadjie aantrek, moet hulle tekkies daarby dra (geen plakkies of kaalvoet). Geen skooltrui of reënbaadjie word by die LO-drag toegelaat nie.

## 4 OUERS WAT VERHUIS/LEERDERS WAT 'N ANDER SKOOL GAAN BYWOON: WKOD - OORPLASINGSVEREISTES

Graad R– tot gr. 6-leerders, wat volgende jaar 'n ander skool gaan bywoon, se ouers moet asseblief die klasopvoeder en/of skoolsekretaresse (info@laerskoolmikro.co.za) BETYDS en SKRIFTELIK IN KENNIS STEL, sodat ons 'n WKOD-oorplasingsvorm gereed kan kry. Die oorplasingsvorm moet deur die ouers self afgehaal word.

Alle gr. 7-leerders kry outomaties 'n oorplasingsvorm saam met hul rapport en u hoef dit dus nie aan te vra nie. Ouers wat die skool reeds in kennis gestel het, hoef nie weer te reageer nie. Pas hierdie vorm baie goed op, aangesien u kind by geen skool sonder hierdie dokument aanvaar sal word nie. GEEN duplikate kan uitgereik word nie.

## 5 FINANSIËLE KANTOOR

Baie dankie aan alle ouers wat gereeld en stiptelik u skoolfonds-, nasorg-, musiek- en kunsrekeninge betaal. U samewerking word hoog op prys gestel.

**Hiermee net 'n herinnering aan die betaalstrukture van 2024:**

- Skoolfonds is vooruitbetaalbaar vanaf 1 Februarie tot 1 Desember.
- Nasorg is vooruitbetaalbaar vanaf 1 Januarie tot 1 November.
  Ouers wat van die dagtarief gebruik maak, betaal wel in Desember vir die dae wat die leerder die nasorg bywoon.
- Musiek is vooruitbetaalbaar vanaf 1 Februarie tot 1 Desember
- Kuns is vooruitbetaalbaar vanaf 1 Februarie tot 1 Desember.

Indien u nog 'n aansoekvorm om vermindering van skoolfonds in u besit het en nog nie die voltooide vorm saam met die stawende inligting ingehandig het nie, word u asseblief dringend versoek om dit so spoedig moontlik by die finanskantoor, vir oorweging, in te handig.
**GEEN VOLTOOIDE AANSOEKE GAAN NA 31 OKTOBER 2024 MEER AANVAAR WORD VIR DIE SKOOLJAAR VAN 2024 NIE.**

## 6 KOS@MIKRO

KOS@MIKRO

| DATUM | SPORTDAG | GRADE / SPORTSPANNE VERANTWOORDELIK VIR VERKOPE |
|---|---|---|
| KWARTAAL 4 | | |
| 2 NOVEMBER | KFC MINI-KRIEKET | GRAAD 1&3 |

Indien u belangstel om betrokke te raak by Kos@Mikro, stuur gerus 'n e-pos aan dtaljaard@laerskoolmikro.co.za.

## 7 AFROLWERK

Ons benodig ouers wat vrywillig vir ons met afrolwerk behulpsaam kan wees. Laat weet asb. vir Aneléne Louw (alouw@laerskoolmikro.co.za), indien u behulpsaam kan wees.

## 8 KONSERT

### FOTOBESTELLING

Foto's van "HITS & HASHTAGS" kan tot en met Vrydag, 1 November 2024 bestel word. Alle bestellings moet vergesel word met die korrekte bedrag en die bestelvorm wat volledig ingevul is. Plaas die geld saam met die bestelvorm in 'n toegeplakte koevert waarop u kind se naam, van en klas aangebring is.

**KOSTES VAN FOTO'S:**

A6-grootte R30
A5-grootte R50
A4-grootte R80

### VIDEO-BESTELLING

Daar sal 'n USB-stokkie beskikbaar wees @ R150. U moet 'n addisionele bestelvorm daarvoor invul. Die foto's en video moet op 2 verskillende bestelvorms ingevul word.

Alle Graad 5-7 leerders het reeds bestelvorms ontvang. Bestelvorms moet asseblief apart ingehandig word by u kind se klasopvoeder. Fotonommers is beskikbaar by die onderskeie klasopvoeders.

## 9 GHOLFDAG

Laerskool Mikro se jaarlikse gholfdag beloof om weer 'n genotvolle geleentheid te wees. Daar is nog enkele 4-bal inskrywings oor. Bespreek dadelik by anortje@laerskoolmikro.co.za om teleurstelling te voorkom.



# 10 ADVERTEER IN DIE HUISWERKBOEKIE

Die skool wil graag aan besighede die geleentheid bied om in Laerskool Mikro se huiswerkboek van 2025 hul besigheid te adverteer. Daar word jaarliks ongeveer 700 huiswerkboekies versprei waarin leerders daagliks hul huiswerk afskryf en waarin nasorgsentrums die huiswerk onderteken.

Baie belangrike inligting word ook in die huiswerkboekies vervat, bv. ons gedragskode, kleredrag, kontakbesonderhede en dissiplinêre kode.

Besighede kry dus 'n hele jaar se blootstelling wanneer ouers deur hul kinders se huiswerkboekie blaai op soek na inligting.




### PRYSE PER BLADSY IS AS VOLG:

- Volblad R1650
- Halfblad R1100
- Kwartblad R850

Skakel me. Aneléne Louw by 021-9032126 of stuur 'n e-pos aan info@laerskoolmikro.co.za vir meer inligting. Die sluitingsdatum vir advertensies is Vrydag, 22 November 2024.

# 11 ENGLISH HOME LANGUAGE 2025

**ENGLISH HOME LANGUAGE: SELECTION FOR 2025 (GRADES 4-6)**

Learners who wish to qualify for English Home Language 2025 will be tested on 30 November 2024. A final selection will be made from this group. A maximum of 30 learners per class can be accommodated.

Please take note of the following requirements:

- Above 70% for English First Additional Language
- The selection will include:
- A written comprehension test
- A writing piece
- A spelling test
- An informal oral
- The fourth term English FAL mark will also be taken into consideration.

A notification of the selection results will be handed out at the end of the process.

**ENGLISH HOME LANGUAGE 2025 APPLICATION FORM**:

Name and Surname: ..............................................................................Grade: ..................

Parent's signature: ..........................................................................................

Date: ..........................................................................................................

# WEEK 5-GEBEURE

## 28 OKTOBER - 3 NOVEMBER 2024

## MAANDAG

o.13-Krieket (T): Panorama

## DINSDAG

## WOENSDAG

o.11A -Krieket (T): Gene Louw

o.11B -Krieket (W): Gene Louw

## DONDERDAG

o.13A-Krieket (T): Masivuke

o.13B-Krieket (T): Durbanville

o.7-9A&B Krieket (W): Curro Durbanville

## VRYDAG

## SATERDAG

KFC Mini-Krieket (T)

o.13A-Krieket (W): Wynland

BUITEMUURSE PROGRAM

# KALENDER : OKTOBER 2024

| MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG | SONDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1<br>**SKOOL OPEN**<br>**MATRIEKTEE** | 2<br>o.13-Rugby- en Netbalproewe: LS MIKRO<br>Verjaarsdag: Meneer Mouton | 3<br>o.13-Hokkieproewe: HS DE KUILEN | 4<br>Interhuiswenners<br>KFC-Tennis (T) | 5<br>KFC-Tennis (T)<br>Bergfiets: Devonbosch | 6 |
| 7<br>Sistemiese Toetse: Gr.3 en 6<br>Ouerkomitee verg. @ 18:00<br>Verjaarsdag: Juffrou Shariska | 8<br>o.7-o.9-Atletiek (W): Laerskool van Riebeeckstrand | 9<br>**NETHEIDSKONTROLE**<br>Graad 4-uitstappie | 10<br>Graad 1-uitstappie | 11<br>**PYPKARRE & MIKRO'S GOT TALENT**<br>Atletiek (W): De Hoop<br>o.11-Krieket (W): Durbanville<br>Verjaarsdag: Juffrou Adie | 12<br>Bergfiets: Bellevue | 13<br>Junior- en Seniorkoor: NG Kerk Suid |
| 14<br>**GRAAD 6: SOS-KAMP**<br>Unisa Teorie Eksamen | 15<br>**GRAAD 6: SOS-KAMP**<br>**STEM-WEEK**<br>Unisa Teorie Eksamen | 16<br>**GRAAD 6: SOS-KAMP**<br>**STEM-WEEK**<br>Unisa Teorie Eksamen | 17<br>**STEM-WEEK**<br>Unisa Teorie Eksamen | 18<br>**STEM-WEEK**<br>o.10-Krieket (W): Hugo Rust<br>Atletiek Top 10 (W): Bredasdorp | 19<br>o.7-9 A&B Krieket (W): Courtrai<br>o.13A-Krieket (W): van Riebeeckstrand<br>o.11A-Krieket (W): Fanie Theron<br>o.13A-Tennis (W): Gene Louw<br>Bergfiets: Idasvallei<br>Verjaarsdag: Juffrou Renita | 20 |
| 21<br>**o.13-Krieketproewe vir 2025** | 22 | 23<br>Trinity Musiekeksamen: Hugo Lambrechts<br>**o.11-Krieket: Bastion** | 24<br>**ALGEMENE JAARVERGADERING**<br>**o.13-Krieket: Bastion** | 25 | 26<br>Mini-Krieket (W): Stellenbosch<br>**o.10-Krieket (W): Panorama**<br>o.13A-Krieket (W): Fanie Theron<br>**o.11A-Krieket (T): Worcester Rebels** | 27 |
| 28 | 29<br>**FOTODAG**<br>**o.13A-Krieket (T): Panorama** | 30<br>**NETHEIDSKONTROLE**<br>**o.11-Krieket: Gene Louw** | 31<br>**MUSIEKKONSERT**<br>**o.13A-Krieket (T): Masivuke**<br>**o.13B-Krieket (T): Durbanville**<br>**o.7-9 Krieket (W): Curro Durbanville** | | | |

***DATUMS IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE/KANSELLASIES.**

**BLOU: Datums bygekom** **Rooi: Datums het verander**

# KALENDER : NOVEMBER 2024

| MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG | SONDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1<br>**GHOLFDAG**<br>Atletiek (W): Beaumont | 2<br>KFC Mini-Kriekettoernooi (T)<br>o.13A-krieket (W): Wynland | 3 |
| 4<br>o.13A-krieket (T): Courtrai<br>Leerderraad 2025-verg @ 18:00 | 5<br>Graad 1-Inligtingsaand @19:00 | 6<br>**NETHEIDSKONTROLE** | 7<br>Tennistoer: Slegs eerstespan<br>Atletiek (W): Bastion | 8<br>Tennistoer: Slegs eerstespan<br>Mini-krieket (W): Durbanville Prep | 9<br>Tennistoer: Slegs eerstespan<br>o.13A-krieket (W): Stellenbosch<br>Atletiek (W): Bredasdorp - Aflosse | 10 |
| 11 | 12<br>**KOSMOS @19:00** | 13<br>Graad R-Inligtingsaand | 14<br>**GRAAD 7-EKSAMEN** | 15<br>**GRAAD 7-EKSAMEN**<br>Leerderraadkamp: 2025 groep<br>Verjaarsdag: Meneer Andries | 16<br>Leerderraadkamp: 2025 groep | 17<br>Leerderraadkamp: 2025 groep |
| 18<br>**GRAAD 7-EKSAMEN** | 19<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN** | 20<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN**<br>Graad 3-tennistoernooi | 21<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN** | 22<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN** | 23<br>Graad R: Ontmoet jou juffrou | 24 |
| 25<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN**<br>Grondslagfase Demo-tennisles | 26<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN** | 27<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN**<br>Tennisproewe<br>Graad R-gradeplegtigheid | 28<br>**GF-MARKDAG**<br>Tennisproewe | 29<br>Tennisproewe | 30 | |

***DATUMS IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE/KANSELLASIES.**

BLOU: Datums bygekom

Rooi: Datums het verander

# ADVERTENSIES

**DIE KUNSKLAS BENODIG KOERANTPAPIER. STUUR ASB. U OU KOERANTE VIR ONS.**

## OWO-KLERELAS

Die OWO-klerekas sal op die volgende datums beskikbaar wees vir die aankoop van tweedehandse skoolklere.

Skenkings kan ook op hierdie datums afgegee word.

Gebruik asb die ingang by Diedrikkiestraat.

- **1 OKTOBER 2024** 17:00-18:30
- **5 NOVEMBER 2024** 17:00-18:30
- **3 DESEMBER 2024** 17:00-18:30

owo@laerskoolmikro.co.za

**KONTAK VIR JO-ANN LOUW BY 079 900 5205 VIR MEER INLIGTING.**

MIKRO

WERK EN SKEP

## AFRIGTERS VIR 2025 BENODIG



INDIEN JY BELANGSTEL, STUUR 'N E-POS AAN SPORT@LAERSKOOLMIKRO.CO.ZA



# ADVERTENSIES







MK50 is op soek na 'n ouer wat belang stel om deel te raak van die MK50 span. Ons benodig 'n Lede Koördineerder. Indien jy belangstel, vul asb die vorm in.

https://forms.gle/a8y5zF7fnZHqrt5i7

# ADVERTENSIES









# BAIE DANKIE AAN AL ONS BORGE

TOYOTA
LEAD THE WAY
NMI TOYOTA KUILSRIVIER

HINO KUILSRIVIER

coolideas
INTERNET SERVICE PROVIDER

VUMA

KING CARS .CO.ZA

EST. 2021
JOWA'S

HMC BUILDING PTY Ltd

AMPLEC

Truck Trailer & Tractor Services

Lucinda Real Estate
0824157992
lucinda@virtualrealty.co.za
We offer:
• FREE valuations
• Buying and selling of properties

J. O HOME MAINTENANCE

PROKUREURS • AMAGQWETHA • ATTORNEYS
L&S
LAÄS & SCHOLTZ

BH AIR BRAKES

HHWASTE

excoprint
label manufacturers
Where time is important

HICKMAN'S KUILSRIVIER

Motor Corp Sa

INTELLIGENT
POWER SOLUTIONS
Consulting Engineers • Alternative Energy Solutions
Electrical Construction

HAYESTAD MOTORS

POWER PARTNERS
CONSULTING

BULLYS
REPS MMA

DIE PALE DEPOT
VERSKAFFERS VAN PALE EN RIET

your PREFERRED AGENT
SCHONNE BRUWER
082 445 1372
schonne.bruwer@harcourts.co.za
harcourtsdunn.co.za
Harcourts Dunn

TP
INNOVATIVE QUALITY PRODUCTS

BURGESS ATTORNEYS
Attorneys & Conveyancers

IES
INDEPENDENT ELECTRICAL SUPPLIER
easy to do business with

JJE AUTOMECHANICAL & HYDRAULIC SOLUTIONS

WINGFIELD
MOTORS

ZEVENWACHT STELLENBOSCH
Zevenwacht
ANNO 1800

Computer Mania_

# ADVERTEER IN ONS MIKROFOKUS

- Die Mikrofokus word weekliks op D6 geplaas. Ons ouers ontvang dit ook weekliks per WhatsApp.

- ‘n Kopie van die Mikrofokus word ook op die skool se webwerf geplaas en die skakel word op ons Facebook (/LSMikro) se blad gedeel. Daar is tans 3900 volgelinge.

- Bespreek spasie vir die uitgawe voor of op Woensdae om 12:00 by info@laerskoolmikro.co.za – alle grafika (in PNG of JPEG-formaat) moet ons teen die Donderdag om 12:00 bereik.

## PRYSE

**Per uitgawe:**

- A6 (10.5 x 14.8 cm) - R250
- A5 (14.8 x 21.0 cm) - R350
- A4 (21.0 x 29.7 cm) - R500

**Indien meer as een uitgawe:**

- A6 (10.5 x 14.8 cm) - R250 + R225 + R200
- A5 (14.8 x 21.0 cm) - R350 + R315 + R300
- A4 (21.0 x 29.7 cm) - R500 + R450 + R405

MIKRO
WERK EN SKEP